



**[eduresourceza.com](http://eduresourceza.com)**



Plak asseblief die  
strepieskode-etiket hier

PUNTE-  
TOTAAL

|  |
|--|
|  |
|--|

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2023

AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

|  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
|  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n Addendum van 8 bladsye (i–viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die blokkies hierbo te skryf.**
- Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:  
Afdeling A: Leesbegrip (30 punte)  
Afdeling B: Opsomming (10 punte)  
Afdeling C: Poësie (30 punte)  
Afdeling D: Taalvaardigheid (30 punte)
- Beplan al jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
- ALLE vrae moet in Afrikaans beantwoord word.
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- TWEE blanko bladsye (bladsy 19 en 20) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL

|                               | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | V7 | V8 | V9 | V10 | Totaal |
|-------------------------------|----|----|----|----|----|----|----|----|----|-----|--------|
| <b>Punt</b>                   |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Nasiener: voorletters</b>  |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Gemodereerde punt</b>      |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Moderator: voorletters</b> |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Vraagstotaal</b>           | 14 | 9  | 7  | 10 | 10 | 10 | 10 | 14 | 6  | 10  | 100    |
| <b>Hermerk</b>                |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Voorletters</b>            |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |
| <b>Kode</b>                   |    |    |    |    |    |    |    |    |    |     |        |

**AFDELING A LEESBEGRIP****VRAAG 1**

**Lees Teks 1 in die Addendum en gebruik die teks om die volgende vrae te beantwoord.**

1.1 Hoe word die titel in die artikel beklemtoon?

---

(1)

1.2 Haal 'n woord uit paragraaf 2 aan wat beteken dat 'n mens soms goed koop sonder om te dink of mens dit nodig het.

---

(1)

1.3 Hoekom, dink jy, blameer mense adverteerders as jy iets koop wat jy nie nodig het nie?

---

(1)

1.4 Watter **twee aspekte** laat jou meer geld spandeer as wat jy wil?

---

---

(2)

1.5 Hoekom koop mense meer artikels op 'n uitverkoop?

---

---

(1)

1.6 Noem **een negatiewe ding** wat Swart Vrydag-aankope kan veroorsaak.

---

(1)

1.7 **Hoeveel persent** van ons daaglikse aksies word deur impulsiewe aksies bepaal?

---

(1)

1.8 Dit is volgens die teks veilig om abstrakte vorme van geld te gebruik om inkopies te doen.

1.8.1 Sê of die bostaande stelling WAAR of ONWAAR is.

---

(1)

1.8.2 Gee 'n bewys uit die teks deur **een woord** aan te haal.

---

(1)

1.9 Hoekom koop mense meer dinge as hulle met kredietkaarte betaal?

---

---

(1)

1.10 Hoekom is die woord "pyn" in aanhalingstekens geskryf?

---

---

(1)

1.11 Hoe laat in die dag, volgens die teks, is die beste tyd om jou inkopies te doen?

---

---

---

(1)

1.12 Dink jy dit is sleg vir jou om daarvan te hou om inkopies te doen? Gee 'n rede vir jou antwoord.

---

(1)

**[14]**

**VRAAG 2 VISUELE BEGRIP**

**Bestudeer die spotprent (Teks 2 in die Addendum) deeglik en beantwoord die vrae wat volg.**

2.1 Kyk na die seun wat praat. Watter visuele leidraad wys vir ons dat hy kwaad is?

---

(1)

2.2 Waarom, dink jy, is die meisie wat langs die seun sit, kwaad? Gee 'n goeie interpretasie.

---

---

(1)

2.3 Hoe voel die onderwyseres oor die geskenk?

---

---

(1)

2.4 Waarvan kan die appel 'n simbool wees as dit vir die onderwyseres gegee word?

---

---

(1)

2.5 Gee **twee bewyse** dat hierdie spotprent in 'n klaskamer afspeel.

---

---

(2)

2.6 Hoekom dink die ander kinders gee die meisie vir die onderwyseres 'n appel?

*Skryf slegs die korrekte antwoord neer.*

*Om haar ...*

- 'n les te leer.
- wakker te hou.
- om te koop.
- beter te leer ken.

---

(1)

- 2.7 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat bewys dat dit die begin van die skooljaar is.

---

(1)

- 2.8 Wat wil die spotprent oor korrupsie sê? Verduidelik in jou eie woorde.

---

(1)  
[9]

### VRAAG 3 ADVERTENSIE

**Bestudeer die advertensie (Teks 3 in die Addendum) deeglik en beantwoord die vrae wat volg.**

- 3.1 Wat is die naam van die produk wat geadverteer word?

---

(1)

- 3.2 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat wys dat veeartse hierdie produk aanbeveel.

---

(1)

- 3.3 Lees wat die volgende persone vir 'n veearts gesê het. Watter persoon sal die meeste deur die produk gehelp word?

**Skryf slegs die persoon se naam neer.**

**Sandra:** "Dokter, my papegaai wil nie meer eet nie. Kan jy dalk iets aanbeveel sodat hy weer kan begin eet?"

**Mpho:** "Dokter, ek het 'n kat en hond wat hulleself die heelryd krap. Ek is dringend op soek na 'n produk wat hiervoor sal help."

**Lindy:** "Dokter, my kat loop die heelryd rond. Kan jy dalk iets voorskryf sodat sy sal ophou rondloop?"

**Jonathan:** "Dokter, my troeteldiere hou aan om oor my hek te spring. Kan jy asseblief raad gee hoe hulle kan ophou?"

---

(1)

3.4 Wat kan jy wen as jy vir die kompetisie inskryf?

---

(1)

3.5 By watter aanlynwinkel kan jy die produk koop?

---

(1)

3.6 Wie is die advertensie se teikenmark?

---

(1)

3.7 Haal **een woord** aan wat sê dat die adverteerders dink dat hulle produk baie goed is.

---

(1)

[7]

|          |
|----------|
| 30 punte |
|----------|



## Opsomming

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. A diagonal watermark reading "eduresourceza.com" is visible across the page. The watermark is light gray and spans from the bottom left towards the top right. There are approximately 20 horizontal lines on the page.

**10 punte**

**AFDELING C POËSIE****VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

**Lees Teks 5 in die Addendum, "Aandeelhouer" deur Alta Marincovitz, en beantwoord die vrae wat volg.**

5.1 Die titel, "Aandeelhouer", het twee betekenisse.

5.1.1 Wat doen 'n aandeelhouer?

---

---

(1)

5.1.2 Die seun wil nie dieselfde werk as sy pa doen nie. Noem een ding wat die seun wil doen.

---

---

(1)

5.2 Hoe weet ons dat dit 'n man is wat vir die seun 'n vraag vra? Haal 'n woord aan.

---

(1)

5.3 Wat impliseer die seun se woorde: "who cares"?

---

(1)

5.4 Die eerste strofe bestaan uit twee reëls. Wat noem ons 'n strofe wat uit twee reëls bestaan?

---

(1)

5.5 Haal **een woord** uit die gedig aan wat beteken dat die pryse van items en dienste opgaan.

---

(1)

5.6 Waarvoor sal die seun 'n beursie gebruik?

---

---

(1)

5.7 Kyk na die seun se tipe taalgebruik.  
Die seun se taalgebruik kan beskryf word as (skryf slegs die woord neer):

- Hoflik
- Informeel
- Formeel
- Transaksioneel

---

(1)

5.8 Noem **twee dinge** waarvoor die spreker sy tyd en energie gebruik.

---

---

(2)  
[10]

#### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees Teks 6 in die Addendum, "Strelitzia" deur Annie Klopper, en beantwoord die vrae.

6.1 Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 2?

---

(1)

6.2 Waarom word die ma as "mevrou" aangespreek?

---

(1)

6.3 Die ma hou nie daarvan om laat te wees nie. Haal **een woord** aan om hierdie stelling te bewys.

---

(1)

6.4 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan wat bewys dat die ma se voorkoms goed versorg is.

---

(1)

6.5 Die gesin in die gedig is ryk. Watter een van die onderstaande woorde uit die gedig dui dit aan?

*Skryf slegs die woord neer.*

- "stuur"
- "luukse"
- "verskoning"
- "stukkend"

---

(1)

6.6 Die ma spandeer baie tyd saam met haar seun.

6.6.1 Is die bostaande stelling WAAR of ONWAAR?

---

(1)

6.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op Vraag 6.6.1. Jy kan aanhaal óf jou eie woorde gebruik.

---

(1)

6.7 Wat is die funksie van die parentese in reël 16?

---

(1)

6.8 Reël 12–14 bestaan uit net een woord elk. Wat noem ons hierdie tegniek?

---

(1)

6.9 Hoekom, dink jy, is die seun kwaad vir sy ma? Verduidelik in jou eie woorde.

---

(1)

**[10]**

## VRAAG 7

## ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees Teks 7 in die Addendum, "Die nuwe kind" deur Pieter Strauss, en beantwoord die vrae wat volg.

7.1 Die eerste reël eindig met 'n dubbelpunt. Wat is die funksie van die dubbelpunt?

---

---

(1)

7.2 Haal **een woord** uit strofe 1 aan as bewys dat die gedig in 'n skool afspeel.

---

(1)

7.3 Elke strofe in die gedig bestaan uit vier reëls. Wat noem ons 'n strofe wat uit vier reëls bestaan?

---

(1)

7.4 Watter enkele woord impliseer dat Hector Sobukwe dalk 'n baie spesiale kind met spesiale talente is?

---

(1)

7.5 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig aan en onderstreep die klank wat herhaal word.

---

(1)

7.6 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit die derde strofe aan as bewys dat die nuwe kind nie baie sosiaal is nie.

---

(1)

7.7 In watter klas kan die nuwe kind homself uitleef?

---

(1)

7.8 Die nuwe kind is 'n dagdromer.

7.8.1 Is die bostaande stelling WAAR of ONWAAR?

---

(1)

7.8.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur 'n versreël aan te haal.

---

---

(1)

7.9 Die versreël, "In die kunsklas word jou pen 'n mas" is ...

*Skryf slegs die woord neer.*

- 'n Metafoor
- Personifikasie
- 'n Vergelyking
- Klanknabootsing

---

(1)  
[10]

**30 punte**

**AFDELING D      TAALVAARDIGHEDE****VRAAG 8      SINSTRUKTURE**

**Bestudeer die spotprent, Teks 8 in die Addendum, en herskryf die sinne soos aangedui.**

8.1 Die vrou hou haar man vas. Hulle vriend plunder die yskas.

**Terwyl** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.2 Die man en die vrou hou op die oomblik van hulle beste vriend.

**Nóg** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.3 Die man vra: "Piet, hoekom eet jy al die kos in die yskas?"

**Die man vra vir Piet** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.4 Piet het gister die kos uit die yskas gehaal.

**Die kos** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.5 Die man staan voor die yskas. Hy haal die kos uit.

**Die man wat** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.6 Piet maak die pizza in die mikrogolfoond warm. Hy eet die pizza op.

**Nadat** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.7 Die vrou sluit die yskas sodat sy later kan kook.

**Die vrou sluit die yskas om** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.8 Het die egpaar nog kos in die yskas oor?

**Nee,** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.9 Die vrou moet kruideniersware gaan koop.

**Die vrou behoort** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.10 Die man skree op sy vriend, dan loop hy weg om te gaan slaap.

**Eergister** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.11 Die kos word deur die man in die eetkamer geëet.

**Die man** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.12 Piet probeer minder eet om gewig te verloor.

**Twee jaar gelede** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.13 Die vrou sê dat sy moeg vir haar man is wat die kos opeet.

**Die vrou sê: "..."** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

8.14 Die egpaar maak die kombuis skoon wanneer hulle gas huis toe gaan.

**Oor twee dae** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
(1)

**[14]**

**VRAAG 9****WOORDSTRUKTURE**

**Bestudeer die spotprent, Teks 9 in die Addendum, waarop die paragraaf gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Gebruik die spasie aan die einde van die vraag vir jou antwoorde.**

Die man en vrou kla oor die **9.1 (kosprys – gee die meervoud)** wat baie gestyg het. Die man gooi petrol met **9.2 (oprol – gee die verlede deelwoord)** moue in terwyl sy vrou al die **9.3 (sakke – verkleinwoord)** in hulle motor laai. Die man dra 'n **9.4 (*spectacles* – gee die Afrikaanse woord)** om te kan sien hoeveel die petrol gaan kos. Die vrou het vir hulle die **9.5 (smaaklik – oortreffende trap)** kos gekoop om hulle op te beur. Die man is egter nie **9.6 (opgewonde/opwindend – kies die korrekte woord)** nie omdat hy bekommerd is oor hulle geldsake. Hulle het boonop drie honde en die prys van **9.7 (hond + kos – gee die samestelling)** het ook baie opgegaan. Die egpaar gaan nou **9.8 (vinnig – gee die antoniem)** huis toe ry om petrol te bespaar. Hulle gaan **9.9 (by/onder/op/in – kies die korrekte voorsetsel)** die eetkamer aandete eet en dan gaan hulle **9.10 (dadelik – gee 'n sinoniem)** slaap. Dit word dan gewoonlik **9.11 (stil – gee die intensiewe vorm)** en hulle slaap vas, **9.12 (t.s.v. – skryf die afkorting uit)** al hulle finansiële druk.

9.1 \_\_\_\_\_  
 9.2 \_\_\_\_\_  
 9.3 \_\_\_\_\_  
 9.4 \_\_\_\_\_  
 9.5 \_\_\_\_\_  
 9.6 \_\_\_\_\_

9.7 \_\_\_\_\_  
 9.8 \_\_\_\_\_  
 9.9 \_\_\_\_\_  
 9.10 \_\_\_\_\_  
 9.11 \_\_\_\_\_  
 9.12 \_\_\_\_\_

**[6]**

## VRAAG 10

## KOMMUNIKASIE

**Die mense in die prentjie, in Teks 10 in die Addendum, is met vakansie in die Bosveld en hulle probeer ontspaan. Hulle deel hulle gedagtes met mekaar.**

- Lees die inligting hieronder deur en voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Moenie aanhalingstekens gebruik nie.)
- Elke respons moet tussen **15 en 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling by elke respons neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.
- Jy mag meer as een sin skryf.

10.1 Seun A is **teleurgesteld** dat die gesin nie by die see vakansie hou nie. Wat sê hy vir sy gesin om te wys dat hy **teleurgesteld** is? Hy sê ook waar hy eerder vakansie wou hou.

---

---

---

---

(2)

10.2 Meisie B stem nie saam nie en is **kwaad** vir haar broer. Sy sê ook **waarom** sy daarvan hou om in die Bosveld vakansie te hou.

---

---

---

---

(2)

10.3 Pa C het 'n ver ent in die veld gaan stap en voel **dankbaar**. Hy dink oor **twee dinge** waarvoor hy dankbaar is. Skryf neer wat hy **dink**.

---

---

---

---

(2)

- 10.4 Ma D is **opgewonde** omdat sy nou vir haar gesin 'n heerlike ete gaan kook. Wat sê sy vir haar gesin en wat presies gaan sy vir hulle in die koue weer maak?

---

---

---

---

(2)

- 10.5 Seun A voel nou **skaam** omdat hy so ondankbaar oor die vakansie was. Hy vra ook **om verskoning** dat hy ondankbaar was en sê **hoe** hy nou gaan wys dat hy dankbaar is.

---

---

---

---

(2)

[10]

|          |
|----------|
| 30 punte |
|----------|

Totaal: 100 punte

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

[illegible]

